## VERJAARDAE GEDURENDE DIE WEEK

Hartlik geluk aan die lidmate wat DV gedurende hierdie week hulle verjaardae vier! Saam met u dank ons die Here vir sy groot genade en bid ons dat Hy u ook in die nuwe lewensjaar ryklik sal seën tot eer van sy Naam!

| | | |
|---|---|---|
| So | 15/02 | **Anré Venter,**. Wyk 9 |
| Ma | 16/02 | **Klaas Wyma,** Wyk 1 |
| Di | 17/02 | **Tillie Eloff,** Wyk 9 |
| Vr | 20/02 | **Ina Steyn,**. Wyk 4 |

**Bede met meelewing Psalm 121: 4.**

## DANKOFFER-BYDRAE EN KOLLEKTES SE INBETALINGS

Lidmate word daaraan herinner om u **maandelikse dankoffer-bydrae** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan. **Bydraes vir die diakonie** asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. **Gee asb 'n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word.**

**Besonderhede van die rekeninge** word hier onder gegee.

Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom.**

Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom.**

Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**

Bank: Potchefstroom.

## DIAKONIE SE KOSKAS

**Vir die Diakonie se koskas: gooi 'n ietsie ekstra in u koswaentjie en bring dit kerk toe.**

Cup a soup, min noedels, koffie, tee, melk, suiker, mielies, sout, waspoeier, grondboontjiebotter, blikkies vleis, pasta,

*(Indien moontlik voorsien pakkies van 1 kilogram).*



# Op die Kerkwerf


Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom

Jaargang 42, nr 6 Sondag 15 Februarie 2026



*REDAKTEUR:* **RUDY VAN DER SPOEL** 082 864 4422

**rudynell@telkomsa.net**



**Eredienste**: 09:30 en 18:00 **Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**

**Kantoor 018 294 4600** **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**

**Orrelis:** Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516** **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

**Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384** **E-posadres:** kantoor@gkpotchefstroom.co.za


**Diensbeurt by eredienste:**

**Ouderlinge:** Wyk 9 **Harm Stavast**. Wyk 10 **Fanie Jooste**

**Diaken:** Wyk9 **Ruan van Heerden** en Wyk 10 **Pieter Jooste**

**Nagmaal ete: Sustersbestuur en eggenotes van die diakens**

## EREDIENSTE Albei dienste word gelei deur ds Jannes van Dyk

***Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers***

**Oggenddiens om 9:30, aanddiens om 18:00**

**Eredienste ook per whatsapp.**

**OGGEND NAGMAALVIERING**

Jolinda van Rooyen ontvang vanoggend die geleentheid om, voor die gemeente se viering van die Nagmaal, openbare belydenis van haar geloof te doen. Ons is saam met haar en haar ma, Linda, baie dankbaar vir hierdie besondere dag in Jolinda se lewe. Die kerkraad het Sondagaand met groot dankbaarheid teenoor die Here gehoor en bevestig dat die vrug van die Gees (Galasiërs 5:22-23) en ook die vrugte van geloof en verkiesing soos wat ons dit in paragraaf 12 van Hoofstuk 1 van die Dordtse Leerreëls bely in Jolinda se lewe gesien kan word.

**Woordbediening:** Johannes 7.

**Fokusverse:** Johannes 7:37-39.

**TEMA:** *Kom na die Here Jesus, drink, word verkwik en gaan wees dan 'n verkwikking!*

**Sing:** Psalm 84: 3, 4; Psalm 114: 1, 4; Skrifberyming 8-1 [14]:1, 2; Psalm 42: 1, 2; Psalm 134:4; Psalm 105:2, 22; Psalm 136: 1 & 2, 9 & 10, 11 & 12, 13 & 14, 18 & 19; Psalm 107: 1, 17, 18.

**Bede met meelewing:** Psalm 121:4.

**AAND Woordbediening:** Lukas 22:14-38; 54-62; Johannes 21:1-19
**Fokusverse:** Johannes 21:15-19.
**Belydenis:** Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 5, paragraaf 13.
**TEMA:** *God se uitverkore kinders ontvang die genade om na hulle val in sonde op te staan, en Hom met groter ywer en sorg te dien.*
**Sing:** Psalm 25: 1, 4; Psalm 40: 2, 4; Psalm 51: 6, 8; Psalm 134: 4; Psalm 80: 10 (melodie Psalm 105 na die Wegstuurseën).

---

**KOLLEKTES VANOGGEND: Diens van Barmhartigheid** in die **BLOU** sakkies en in die **ROOI** sakkies vir die **Kerkkas.**
Volgende week: **SDDS Deputate Noodfonds**
**VANAAND: Diens van Barmhartigheid** (BLOU) en Kerkkas (Rooi)

## LIEF EN LEED *OOG VIR MEKAAR*

**MEEGEVOEL**
Ons betuig ons innige meegevoel met broers en susters wie se geliefdes in die Here ontslaap het. Ons is saam met u ons Here dankbaar dat ons seker mag weet hulle wat vir die Here geleef het, ook vir Hom gesterf het en of ons lewe en of ons sterwe, ons behoort aan die Here.

**VOORBIDDING**
Ons doen graag voorbidding vir die volgende broers en susters en hulle geliefdes. Mag ons hemelse Vader u in sy liefde en trou vashou, dra en ook vir u uitkoms gee:

**Gert van Blerk** het las van sy gesondheid en het Dinsdag 'n afspraak by 'n kardio-vaskulêre chirurg in Pretoria. Ons bede is dat die besoek geseënd sal wees en hy spoedig weer sy kragte sal terug ontvang.

**Lina Minnaar** se gesondheid het baie verswak en ons doen voorbidding vir haar en haar dierbares. Mag sy en hulle elke dag die ryke genade van ons hemelse Vader ervaar.

**Suzie Kleyn** het baie groot verliese gely deur die uitbraak van bek- en klouseer. Ons verseker haar ook van ons voorbidding.

**Suzie Marais** moet op 17 Februarie 'n skandering ondergaan alvorens die onkoloog op die bestraling van die kanker sal besluit. Ons verseker Suzie en Karel van ons voorbidding vir hulle.



**Jaco Coetsee** het die afgelope week 'n beroerte-aanval gehad. Ons is dankbaar dat hy dokters-behandeling kon ontvang. Hy moes Vrydag weer 'n afspraak met die dokter nakom sodat sy reaksie op die medikasie gemonitor kon word. Ons verseker Jaco en Nicolene van ons voorbidding.

**Dean du Plooy** het Dinsdag 'n opvolgbesoek by die dokters gehad. Ongelukkig is hulle nie tevrede met Dean se herstel aan sy been nie. Medikasie is aangepas en hy moet volgende week weer 'n opvolgafspraak nakom. Ons verseker Dean, Barbara en Ruan van ons voorbidding vir hulle as gesin.

Ons volhard in ons voorbidding vir **Erick Reynecke** wat nog tuis aansterk nadat hy verlede naweek in Wilmedpark Hospitaal opgeneem is met 'n lae bloeddruk en pols as gevolg perikarditis. Ons verseker Erick, en Johané van ons voorbidding vir hulle.

**Susan Nortjé** sal moontlik Dinsdag 'n flikkergram in Klerksdorp ondergaan nadat haar gesondheid die laaste tyd weer onder geweldige druk verkeer het. Ons verseker haar, Koos en ook Banie, Marli en Lizaan en Danika van ons voorbidding vir hulle as familie wat ook Susan bystaan en ondersteun.

**DANKBAARHEID** Ons deel in die dankbaarheid en vreugde van ons broers en susters en ook in die dankbaarheid van hulle geliefdes vir wie daar deur ons Here se genade uitkoms gekom het.

**VOORSPOEDIGE REIS / WELKOM TERUG**
Van ons broers en susters gaan vir korter of langer periodes met reis of met vakansie – ook na die buiteland. Mag ons hemelse Vader u voet op die reispad behoed en u beskerm en veilig na ons terug bring.

**ATTESTATE**
**Met attestaat aangesluit** vanaf die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Die Bult, ***Ruan du Plooy,*** *gebore 22 Junie 2005.* Ruan is 'n inwoner van Over de Voor Mans-koshuis . Hy word saam met sy ouers bedien in Wyk 1. Die ouderling is Koos Nortjé en diaken Zurich Terblanche en wyksuster is Malie Wyma.

# ALGEMENE AFKONDIGINGS

## DAGBOEK

| Dag | Datum | Tyd | Aktiwiteit | Vergaderplek |
|---|---|---|---|---|
| Siekebesoek, pastorale besoeke en huisbesoeke volgens afspraak. | | | | |
| So | 15/02 | 09:30 | **NAGMAAL EN GEMEENTE-ETE** | Vandag |
| Ma | 16/02 | 08:30 | Teologiese Studente | Bovertrek |
| Di | 17/02 | 09:15 | Opening: Teologiese Skool | TSP |
| | | 11:00 | Predikantebyeenkoms | GK Potch- Bult |
| | | 15:00 | Bybelstudie Huis Eikelaan | **Rooi sitkamer** |
| Wo | 18/02 | 15:00 | Nagmaal Huis Eikelaan | **Rooi sitkamer** |
| | | 18:00 | Bybelstudie (2 Korintiërs, Studie 6b) | Konsistorie |
| Do | 19/02 | 10:30 | Bybelstudie 2 Korintiers 1: 15 ev | Kerksaal |
| | | 12:00 | Volwasse kategese | Bovertrek |
| Vr | 20/02 | 17:30 | **GEMEENTE-AAND EN HAMBURGERBRAAI** | Kerkterrein |
| So | 22/02 | 15:30 | Erediens: Huis Eikelaan Ds Fanie Coetzee | Kapel |

| **KATKISASIE** | **Sondag 22 Februarie** | **Sondag 1 Maart** |
|---|---|---|
| **Hoërskoolkatkisasie** | Les 4 | Les 5 |
| **Lesrooster:** | Genesis 12 & 21 | Genesis |
| **Psalmvers:** | Psalms 62: 5 | Psalms |
| **Heidelbergse Kategismus:** | Sondag 32 | Sondag 33 |
| **Memoriseerwerk** | Eksodus 20: 5 | Eksodus 20: 6 |

**BYBELSTUDIE**

Bybelstudiebyeenkomste hervat die komende week:

- Bybelstudie by Huis Eikelaan vind Dinsdagmiddag om 15:00 in die Rooi Sitkamer plaas.
- Woensdagaand om 18:00 in die konsistorie word studie 6b van prof. Jorrie Jordaan se *Voëlvlug deur die boeke van die Nuwe Testament* behandel.
- Donderdagoggend 10:30 in die kerksaal word 2 Korintiërs 1:15 en verder bestudeer.



**EREDIENS: HUIS EIKELAAN**

**Ds. Fanie Coetzee** (emerituspredikant van Potchefstroom-Die Bult) sal DV **Sondag 22 Februarie** met die erediens om 15:30 in die Kapel van Huis Eikelaan voorgaan. Baie dankie aan ouderlinge Nico Spaumer en Loffie Eloff wat die toesigbeurte sal waarneem.

**VAN DIE FINANSIËLE KOMMISSIE**

Aangesien ons gemeente se finansiële jaar op 28 Februarie 2026 sluit, word lidmate versoek om hulle kerklike bydraes op datum te bring.

**TER APPROBASIE**

**Rynhardt Landman,** wat vanjaar sy prakties in ons gemeente doen, word ter approbasie vir die diens van ouderling aan die gemeente voorgehou. Indien Rynhardt die roeping opvolg, sal hy vanaand tydens die aanddiens in die diens van ouderling bevestig word.

**SINODE 2026**

Die vergadering van ouderlinge met diakens het Sondagaand besluit dat lidmate wat vrae oor die pasafgelope Sinode het, my moet kontak dat ons 'n afspraak reël en ek u vrae kan beantwoord. Meer versoeke is na Sondagaand se vergadering ontvang om 'n "gemeente-vergadering" oor die besluite wat met die pasafgelope Algemene Sinode geneem is, te hou. Om die saak ordelik aan die kerkraad en diakens voor te hou, wil ek vra: Kan u my asseblief in 'n persoonlike boodskap laat weet wat die aard van die vrae is waarop u helderheid wil hê?
Anders gestel: Laat my asseblief weet wat u wil weet, of wat van die besluite u kwel, of u oor onsekerheid het. As ek meer inligting het, kan ek 'n sinvolle voorstel aan die ouderlinge en diakens maak. Net 'n gesprek met 'n "oop" agenda sal nie konstruktief wees nie. Ds. Jannes.

SPESIALE KOLLEKTE TER ONDERSTEUNING VAN DIE DEPUTATE DIAKONALE SAKE SE NOODFONDS
SONDAG 22 FEBRUARIE 2026

Lees meegaande brief van die Deputate Diakonale Sake

# VAN ONS DIAKONIE

Op die Diakonie se vergadering Sondagmiddag is besluit om uit te vind of daar lidmate is wat in die aand kerk toe wil kom maar om veiligheidsredes of ander redes nie kan kom nie.
Die Diakonie bied aan om te reël dat die lidmaat gehaal en terug gebring word.
As u belangstel kan u ons koster Pieter Bouwsema kontak by 082 923 1384.
Hy sal dan reëlings tref om die lidmaat te kom haal en terug te neem.
As u bereid is om te help met vervoer in die middag/aand kan u koster Pieter Bouwsema kontak
by 082 923 1384.
Die Diakonie se oggenddiens om lidmate met die bussie op te haal bly onveranderd.

**SPESIALE KOLLEKTE 22 FEBRUARIE 2026**

In die lig van die DDS se versoek vir ondersteuning versoek die Diakonie dat Sondag 22 Februarie die kollekte vir die Diakonie, dus die in die BLOUsakkies by die deure afgedra word vir die Deputate se Noodfonds.

# HAMBURGERBRAAI



**Die volgende gemeente-aand en hamburgerbraai**

VRYDAGAAND

20 Februarie 2026



Ons kuier gesellig saam vanaf 17:00 by die saal.
Vir 'n bestelling bel Pieter by die kerkkantoor ☏ 018 294 4600 of 082 923 1384

**R 35** per hamburger. **Worsbroodjies R 35**



Deputate Diakonale Sake
EEN GEMEENSKAP IN CHRISTUS

Sakeldeputaat: Anri Kotzee
sdds@gksa.co.za
071 467 6571
H/V Meyer en Molenstrate
Potchefstroom, 2531

9 Februarie 2026

Geagte voorsitter en diakonie,

**IN SAKE; NOOD IN DIE LANDBOUSEKTOR**

Soos u deeglik bewus is verkeer die landbousektor, en spesifiek ons boere, onder geweldige druk. Die landbou is al vir etlike jare onder druk a,g.v hoë insetkostes, swak pryse, 'n gebrek aan volhoubare uitvoermarkte, ongunstige weerstoestande asook die bek-en-klouseer-uitbraak reg oor Suid-Afrika.

Die groot uitdaging waarmee boere gekonfronteer word is 'n gebrek aan kontantvloei. As 'n boer bv. nie sy melk of speenkalwers kan verkoop nie is daar nie geld om ander dringende en nodige verpligtinge na te kom nie. Een van hierdie verpligtinge wat onder andere nagekom moet word is om toe te sien dat hulle kinders se skoolfonds en koshuisgeld betaal word.
Die DDS se diensgroep vir Noodtoestande het, nadat daar met verskeie rolspelers in die landbousektor gepraat is, dit goed gedink het om 'n fonds op die been te roep wat ten doel het om, deur die plaaslike diakonie, boere met hierdie verpligting van skoolfonds en koshuisgeld by te staan. Ons bede is dat hierdie hulp boere in nood kan help sodat daar een minder ding is om oor te bekommer – hoe gering dit ook al mag wees.
Daarom neem ons die vrymoedigheid om die volgende versoek in u midde te lè.

1. Dat u in u gebede die boere en hulle gesinne aan die troue sorg van ons hemelse Vader sal opdra.
2. Dat gemeentes en individue dit sterk sal oorweeg om vir hierdie fonds by te dra.
3. Dat diakonieë die vrymoedigheid sal neem om met DDS kontak te maak as ons hulle in hierde nood kan bystaan.

Sou daar enige verdere navrae wees is u welkom om met DDS se skakeldeputaat, Sr. Anri Kotzee, kontak te maak deur 'n epos te stuur na sdds@gksa.co.za.

U broeder in Christus, Ds FJ Potgieter. Voorsitter: DDS